VAN DIE SUSTERS

JAAR-EIND-KUIER

Die Sustersbestuur nooi ons lidmate en vriende uit na ons ***JAAR-EIND-KUIER*** op Saterdag-oggend **30 November 2024 om 10:30** in ons saal. Op die program is gesellige saamkuier, 'n ligte musiekprogram en tee/koffie en verversings. Lidmate word vriendelik versoek om 'n bordjie eetgoed saam te bring. ***Hartlike Sustersgroete***

DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

Besonderhede van die rekeninge word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.

DIAKONIE SE KOSKAS

Vir die Diakonie se koskas: gooi 'n ietsie ekstra in u koswaentjie en bring dit kerk toe.

Cup a soup, min noedels, koffie, tee, melk, suiker, mielies, sout, waspoeier, grondboontjiebotter, blikkies vleis, pasta, beskuit, aanmaak-koeldrank. Mieliemeel. Skottelgoedseep, toiletpapier. (Indien moontlik voorsien pakkies van 1 kilogram).



Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 37 Sondag 17 November 2024
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL **082 864 4422**
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
Kantoor 018 294 4600 **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Orrelis: Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte by eredienste:
Ouderlinge: Wyk 11 **Fanie Jooste** en Wyk 12 **Nico Spaumer**
Diakens: Wyk 11 **Pieter Jooste** en Wyk 12 **Gert Kruger**

EREDIENSTE Albei dienste word gelei deur ds Jannes van Dyk

Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers

Oggenddiens om 9:30, aanddiens om 18:00
Eredienste ook per whatsapp

OGGEND: NAGMAAL
Woordbediening: Johannes 6:1-21 (AFR'20).
Fokusverse: Johannes 6:20.
TEMA: *"Dit is Ek; moenie langer bang wees nie."*
Sing: Skrifberyming 17-3:1, 2; Psalm 66:1, 3, 4; Psalm 69:3, 6; Psalm 136:1, 19, 20; Psalm 23:3; Psalm 116:1, 4; 2, 3; 5, 6; Psalm 116: 7, 8, 9, 10; Psalm 134:4. .

AAND: NABETRAGTING
Woordbediening: Numeri 14 (AFR'53).
Fokusverse: Numeri 14:8.
Belydenis: Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 1, paragraaf 10.
TEMA: *Die welbehae van God as oorsaak van die verkiesing en onderhouding van sy kinders.*
Sing: Psalm 4:1, 2; Psalm 149:1, 2; Psalm 43:5; Psalm 105:23, 24.

KOLLEKTES VANOGGEND: ***Diens van Barmhartigheid*** in die **BLOU** sakkies en in ROOI sakkies vir ***Bybelverspreiding***
VANAAND: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI)
(Spesiale kollekte volgende week: **Thusofonds)**

EREDIENS: HUIS EIKELAAN

Prof. Callie Coetzee sal DV volgende Sondag **24 November** om 15:30 voorgaan in die erediens in die Kapel by Huis Eikelaan. Die toesigbeurt sal waargeneem word deur wyke 13 & 14 (Ouderling Loffie Eloff en ouderling Paul Schutte).

LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

Pieter Bouwsema het Woensdag die eerste van twee oogoperasies ondergaan. Hierdie Woensdag sal hy aan sy ander oog opereer word. Ons is saam dankbaar vir die mooi herstel ná die eerste operasie en bid saam met u en u geliefdes dat die tweede prosedure ook ryklik geseënd mag wees.

Jeanette Fourie word steeds in Multisorg versorg en ons bid haar die krag en genade van ons hemelse Vader toe.

Ons dank ons hemelse Vader vir die beterskap by **Hendrien Venter**. Die laaste ondersoek by die dokter het baie goed afgeloop. Sy sterk steeds aan by haar dogter Cecile in Pretoria en ons verseker haar steeds van ons voorbidding.

Ons volhard in ons voorbidding vir **Susan Nortjé** en haar geliefdes. Susan se liggaam het in skok gegaan vroeër dié week as gevolg van kalsiumtekorte. Sy het ook verdere toetse in Mooimed Hospitaal ondergaan.

DANKBAARHEID

Ons deel in die dankbaarheid en deel in die vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle en hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

Ons dank ons troue Verbondsgod vir die beterskap by **Danie Erasmus** sodat hy Donderdag uit Mediclinic ontslaan kon word.

Japie van Jaarsveld het verlede Sondag ’n geslaagde operasie in die Klerksdorp Hospitaal ondergaan en ons is saam met hom en Christa dankaar dat hy Dinsdag al weer by die huis kon wees, wel verswak en met pyn as nadraai van die operasie. Ons bede is dat u met nuwe krag versterk mag word.

VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

Ons kon verlede week deur die afkondigings **Piet en Karen Aartsma** terugverwelkom ná hulle besoek aan hulle kinders in Kanada. Ons is dankbaar dat u ’n geseënde tyd saam met die kinders kon geniet en dat u nou veilig tuis is!

MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met **Danie en Ronel Erasmus**. Ronel se broer is Woensdagoggend oorlede. Ons bede is dat ons God van alle vertroosting hulle met hulle dierbares ryklik sal vertroos en versterk. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

ALGEMENE AFKONDIGINGS

DAGBOEK

Dag	Datum	Tyd	Aktiwiteit	Vergaderplek
Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak				
So	17/11	09:30	**NAGMAAL** en Gemeente-ete	Kerkgebou
	19/11	15:00	Bybelstudie – Huis Eikelaan	**Rooi sitkamer**
		18:00	Klassisvergadering (eksaminering)	GK Potch-Oos
Wo	20/11	15:00	**Erediens en Nagmaalsviering (Eikelaan)**	**Rooi sitkamer**
Vr	22/11	17:30	**Gemeente-aand en Hamburgerbraai**	Kerkterrein
So	24/11	10:30	Kersprogram na erediens	Kerkgebou
		15:30	Erediens Huis Eikelaan Prof Callie Coetzee	**Kapel**
Sa	30/11	10:30	*JAAR-EIND-KUIER*	Kerksaal

BYBELSTUDIES

– HUIS EIKELAAN DINSDAG 19 November om 15:00

Bybelstudie by Huis Eikelaan in die rooi sitkamer. Almal welkom.

VIERING VAN DIE NAGMAAL: HUIS EIKELAAN

Die Kerkraad het vroeg in September ’n kommissie-aanbeveling aanvaar dat daar lidmate (en hulle gades) vir wie dit fisies onmoonlik is vanweë verswakking en gesondheid om nié die Nagmaalsviering in die kerkgbou by te woon nie,’n Nagmaalsviering by Huis Eikelaan gereël word. Lidmate in Huis Anna Viljoen en Groenwilgers sal deur die wyksouderlinge of –diakens ook, indien dit moontlik is, na hierdie Nagmaalsviering gebring word. Die kommissie en Kerkraad beklemtoon dat hiérdie viering van die Nagmaal nie gesien moet word as ’n alternatief tot die Nagmaalsviering op Sondag 17 November nie.

Die Nagmaalsviering sal op **Woensdag 20 November 2024** om **15:00** in die Rooi Sitkamer plaasvind.

Ouderlinge en diakens wat lidmate in die onderskeie tehuise bedien, word versoek om **Dinsdagaand 12 November** om **18:00** ’n vergadering in die konsistorie by te woon om die praktiese bediening te bespreek.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardag vier! Saam met u dank ons die Here vir Sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

Dag	Datum	Naam en van
Di	19/11	**Bianca Terblanche** Wyk 4
Sa	23/11	**Christa Truter**. Wyk 9

Die Geref. Kerk Potch-Oos bied aan
BUITELUG KERSSANGDIENS
Sondag 24 November 2024 18:00 vir 18:30
Kom sing lofprysende kersliedere saam met ons oor Kersfees se boodskap van voorspelling, vervulling, vrede en vreugde.
Rocherstraat 75 ingang in Paryslaan
Bring asseblief ’n kampstoel saam.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND
22 NOVEMBER 2024

Ons kuier gesellig saam by die saal vanaf **16:30**
Vir ’n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384
R 30 per hamburger. Pannekoek R 5 Worsbroodjies R 30

die Kerkblad

50% Vergrote Des./Jan. uitgawe vir slegs R40!

- **Kersfees:** Ses oordenkings oor die **lofsange met die geboorte van Christus** deur verskeie predikante
- **Geloftedag:** Dr. Danie Langner oor die wonder van Bloedrivier en Ds.Cassie Aucamp se preek voor die 35 000 feesgangers verlede jaar by die Voortrekkermonument.
- **Oekraine, Gasa, Lebanon.** Drie artikels met nabye perspektief uit Duitsland en uit Kiev.
- **2024/25 in Bybelse perspektief** en vele meer.

U kan hierdie prag-uitgawe by die kerkkanoor bestel. Gee net u naam en die getal op. Getalle moet ons voor Woensdag 27 Nov. bereik vir die ekstra oplaag.. U uitgawes sal dan saam met die gemeente se pakket gekoerier word. Betaling kan ook daarna by u kerkkantoor geskied. Hierdie is ‘n ekstra-spesiale klein-geskenk vir vriende, u kinders of bejaardes.
Ons is dankbaar dat dit goed gaan met *Die Kerkblad*, ook nou finansieel. In die uitgawe is ook ruimte vir intekening.
Ds. Cassie Aucamp (Redakteur) 082 377 1112